NUUSBROKKIES

Sondag 26 Maart 2023

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante / professore en eggenotes met hul verjaardae

24 Maart	Ds TJ (Tommie) van Vuuren – GK Heilbron
	Ds R (Reghard) Janse van Rensburg – GK Delmas
25 Maart	Ds JP du P (Johannes) Aucamp – GK Rietvallei
	Mev U (Urna) van Heyningen, eggenote van ds CJ (Johan) van Heyningen – GK Stellenbosch
26 Maart	Dr J (Jan) Lion-Cachet – GK Klerksdorp
	Dr PJ (Petrus) Venter – GK Postmasburg
28 Maart	Ds CJ (Innes) Nagel – GK Louis Trichardt
	Mev CJ (Corrie) de Beer, eggenote van dr EJ (Edmund) de Beer – GK Laeveld
	Mev M (Madeleen) Schutte, eggenote van ds HW (Hennie) Schutte – GK Wesrand

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

23 Maart	Mev MJ (Juliana) Kruger, weduwee van dr MP (Pieter) Kruger – GK Silverton
24 Maart	Mev EA (Betsie) Buys, weduwee van ds GH (Hendrikus) Buys – GK Krokodilrivier
25 Maart	Ds PGW (Pieter) de Beer – GK Rustenburg
	Mev L (Louisa) Schalekamp, eggenote van dr ME (Etienne) Schalekamp – GK Ontdekkers
26 Maart	Mev S (Sunette) Janse van Rensburg, eggenote van prof JJ (Fika) Janse van Rensburg – TSP

29 Maart Mev D (Dicky) Venter, weduwee van dr JL (Jan) Venter – GK Pretoria-Annlin
Ds SL (Sedric) Oostruis – GK Metsi A Matala

Hartlike gelukwense aan die volgende teologiese student met sy verjaardag

27 Maart Willem van Heerden

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Doodsberigte

Mev **Anna Malan**, weduwee van wyle dr Chris Malan (GK Potchefstroom-Die Bult) is oorlede op 16 Maart 2023

Mev **Lida Snyman**, weduwee van wyle ds Ph (Flip) Snyman (GK Reddersburg) is oorlede op 16 Maart 2023

Innige simpatie betuiging aan ds Danie en Sarie Snyman, emeritus van GK Pretoria-Magalieskruin, met die afsterwe van sy moeder

Hartlike gelukwense aan teologiese student Frikkie en Germari Deysel wat op 21 Maart 2023 in die huwelik bevestig is

BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA KONDIG NUWE UITVOERENDE HOOF AAN

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het aangekondig dat ds Rodney van Wyk, predikant van GK Grassy Park, as die nuwe uitvoerende hoof van die organisasie aangestel is. Hy sal dié pos vir die volgende twee jaar beklee.

Ds van Wyk is eenparig aangestel tydens die Algemene Jaarvergadering by die Bybelhuis in Bellville, op 16 Maart 2023.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe aanvaar

- Proponent N (Nardus) Buys na GK Bothaville

Beroepe bedank

- Ds AJ (Andries) Burger van GK Pinetown na GK Empangeni

BEVESTIGINGS

Die bevestiging van **Proponent ID Nagel** vind plaas op Saterdag, 25 Maart 2023 by GK Uitschot. Die bevestiging sal deur ds CB (Brahm) Robinson van GK Cachet hanteer word. Ds Nagel lewer sy intreepreek op Sondag, 26 Maart 2023.

Die bevestiging van **Proponent Floris van Staden** vind plaas op Saterdag, 1 April 2023 by GK Stilbaai. Die bevestiging sal deur ds CB (Brahm) Robinson van GK Cachet hanteer word. Ds Van Staden lewer sy intreepreek op Sondag, 2 April 2023.

Proponente beroepbaar gestel

Proponent MD Letebele (David en Emily)
Sel: 079 064 4754 of 073 558 5533
E-pos: serameletebele@gmail.com

Proponent KN Lepodise (Koketso)
Sel: 073 717 4394
E-pos: koketsolepodise@gmail.com

Proponent Thina Nthangeni
Sel: 079 258 0481
E-pos: nthangemf@elections.org.za

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Wees waaksaam,

staan vas in die geloof,

wees manmoedig,

wees sterk!

1 Korintiërs 16:13


Huisgeloof-seminaar
Die beste plek om die nuwe lewe wat ons in Jesus Christus het by ons kinders in te skerp is by die huis
Huisgeloof is 'n gemeente se proses wat ouers se hande vat en help om huise weer geestelike tuistes te maak waar Christus die middelpunt is
Ons hou hieroor 'n tweede aanlyn geleenthede om vir gemeentes te vertel wat hierdie proses inhou en hoe dit werk en alle bronne beskikbaar te stel.
13 April 2023
19:00-20:30
aanlyn
GK Belville-Oos
en Expando
Skryf in by
gertbreed1@gmail.com

Jeugkamp 2023
Tema: Die koninkryk van God in Gelykenisse
Wanneer: 1-5 April 2023
Waar: Eersterivierstrand NGK Kampterrein
Wie: Graad 5-12 (11-18 jr)
Koste: R800 pp
EFT na FNB Rekening nr: 625 926 033 12
Verwysing: Jou naam + DC23 (Stuur bewys van betaling aan: wilhanjobse@gmail.com)

BIERMANSKOOL WORD WEER DEEL VAN KLASSIS ETOSHA

Op Saterdag 18 Maart 2023 is die Gereformeerde Kerk Biermanskool met vreugde en dankbaarheid verwelkom in die ressort van Klassis Etosha (Namibië). Ons kan sê “terug verwelkom” as gemeente van die GKSA.

Die versoek van Biermanskool om weer in die GKSA kerkverband opgeneem te word en saam met Klassis Etosha te vergader is op 18 Maart 2023 tydens ‘n verkleinde klassis (contracta) behandel. Ook die beplande samewerking met die NG Gemeente Kamanjab was ter tafel. In die lig daarvan dat Klassis Etosha deur die jare gebly het by die besluit dat die gemeentes wat uit hulle ressort beweeg het, uitgenooi word om terug te keer, is die versoek eenparig goedgekeur. Daar is groot blydskap oor hierdie stap, aangesien die verdeeldheid tussen Gereformeerde Kerke in Namibië nie deur Klassis Etosha gehandhaaf wil word nie.

Die samewerking met die NG Gemeente is ook in lyn met die besluit oor koninkryksbediening in die gemeenskappe waar Gereformeerde gemeentes is. Sodoende sal samewerking tot uitbou van die koninkryk van God versterk kan word.

Klassis Etosha deel hierdie goeie nuus graag met die GKSA kerkverband en vra u voorbidding vir die bediening van God se Woord in daardie noordwestelike deel van Namibië. Mag ons Koning Here Jesus Christus en sy koninkryk met krag groei vanuit hierdie stappe wat geneem is. Mag Hy wysheid en getrouheid gee in die besondere tipe van bediening.

Saamgestel deur dr Callie Opperman (Hulpdienspredikant van GK Hentiesbaai)

VOOR van links: ds Jan van der Walt, oudl Francois Swarts, dr Theuns de Klerk, oudl Bielie Grobler, dr Callie Opperman.

AGTER van links: ds Erasmus Venter, oudle Jan vW De Vries, Hennie van der Westhuizen, Charl Coetzee, diakens Francois Robberts, Manie Robberts, oudl Gert Steyn.